

15

VERHOUDINGS BINNE DIE GESIN

Konflikhantering

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die gesin leer dat konflik binne die gesin positief bestuur kan word.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers leer dat –

- hulle deel is van 'n gesinsisteem;
- hulle met ander met verskillende persoonlikhede en voorkeure kan saamleef;
- konflik dikwels nodig is ter wille van groei; en
- hantering van konflik vervreemding kan teenwerk.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet bereid wees om konflik positief te bestuur.

Vaardigheid

Die kinders en ouers hou 'n huisvergadering, en probeer om konflikhantering volhoubaar te maak.

MEER INLIGTING (Efesiërs 6: 1-4)

Konflik kom voor wanneer mense nie oor iets saamstem nie. Die meeste van ons beleef elke dag konfliksituasies. Konflik kom voor omdat mense verskillend dink en verskillende idees en menings oor die lewe het. Dit is deel van menswees. Ons beleef konflik dikwels negatief, maar konflik kan positief wees as ons leer om ten spyte daarvan met mense oor die weg te kom.

Daar is drie algemene maniere vir konflikthantering:

- Ontkenning;
- konfrontasie; of
- bemiddeling.

Ontkenning

Wanneer jy kwaad word maar nie sê wat jou kwaad maak nie, ontken jy daar is 'n probleem en dat jy kwaad is. Die ander persone weet dus nooit wat fout is of hoekom jy afsydig raak nie. Dit is dus onwaarskynlik dat hulle hulle optrede teenoor jou gaan verander.

Konfrontasie

Konfrontasie kan positief of negatief geskied. Om te konfronteer sodat dit 'n positiewe uitkoms het, is dit nodig dat die twee partye se gesindheid reg is. Hulle moet albei wil hê dat die konflik 'n positiewe en goeie gevolg sal hê. Albei partye verbind hulle ook daartoe, en dan word reëls vir konflik uitgespel.

Konfrontasie kan ook negatief wees. Dikwels is daar 'n drang by die een party om die ander te verkleineer of te verneder. Dit gebeur wanneer een persoon die ander liggaamlik of met woorde aanval, of wanneer twee mense nie bereid is om na mekaar se kant van die probleem te luister of daaroor te praat nie.

Bemiddeling

Dit is wanneer mense oor 'n probleem praat sonder om mekaar te beledig of te beskuldig. Hulle weet hulle het 'n probleem, maar wend alle pogings aan om dit op te los. Hulle kies die oplossing wat die vrede sal bewaar en die beste vir almal sal wees.

'n Mens moet aanvaar dat mense verskillend dink oor sake, en gevolglik nie altyd mekaar se kant van die saak sal kan insien nie. Veral wanneer daar pyn betrokke is, waar een of albei seergekry het, reageer mense op grond van hulle gevoel of emosie, en nie met hulle verstand nie.

In sulke gevalle is dit raadsaam om 'n bemiddelaar te kry. Iemand wat onpartydig is, wysheid het en nugter na albei se verhaal kan luister. Hierdie bemiddelaar lei die twee partye dan tot insig, beter verstaan, en uiteindelik versoening. So 'n persoon kan 'n goeie vriend, 'n familielid, 'n predikant of kerkraadslid wees wat geseën is met wysheid. Indien die probleem op 'n dieper vlak lê, kan 'n berader, terapeut of selfs 'n sielkundige groot en goeie insette lewer.

Dit is belangrik dat die lewensfase van persone wat in konflik verkeer, in die oog gehou word. Op 16- of 17-jarige ouderdom is mense baie op hulleself ingestel, nie altyd realisties nie, en reageer hulle met emosie. Trane en woedeuitbarstings is algemeen in hierdie lewensfase. Hulle is ook geneig om gesag uit te daag. Ouers, onderwysers en die kerk kom baiekeer onder skoot. Ouers, aan die ander kant, is weer geneig om outoritêr op te tree, meer rasioneel as emosioneel te wees, eerder oor die toekoms besorg te wees as die behoeftes van nou. Om konflik tussen hierdie twee partye te bemiddel, moet albei partye se geaardhede in ag geneem te word.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Paar bladsye skoon papier vir die groepe.
- Reël met 'n predikant of 'n ander berader of sielkundige om met die aanbieding te kom help.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 532: 1 en 3 as gebed.

*Ons Vader, neem ons hande
en maak ons één.
Versterk u self die bande –
gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

*Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders sonder om name te noem uit verlede week se les sê –
 - waarom hulle verhouding met sekere mense nie goed is nie; en
 - hoe hulle beheer van die situasie gaan neem. Hulle moes probeer verstaan hoe die moeilike mense voel.
- Vestig hulle aandag daarop om te bid dat die Here vir hulle almal wysheid en leiding sal gee sodat hulle beter oor die weg kan kom.
- Vra 'n paar kinders om te vertel –
 - of hulle ouers al vir iemand baie kwaad was;
 - of hulle weer vrede gemaak het;
 - hoe hulle dit gedoen het; en
 - wat die gevolg daarvan was.
- Kontroleer of die kinders Matteus 22: 37 ken: *Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Deel die klas in groepe in, twee-twee kinders wat maats is of mekaar goed ken saam met hulle ouers.
- Laat elke persoon uit elke gesin afsonderlik sê wat die meeste konflik (moeilikhed) in hulle gesin veroorsaak – wat doen die man en die vrou en die kind en die ouers wat gemoedere laat opvlam?
- Laat die kinders al die *klagtes* op die skoon bladsye neerskryf.

IETS INTERESSANT

Laat die groepies weer terugkom, en dra die inhoud van MEER INLIGTING hier in jou eie woorde oor.

IETS BELANGRIK

Lees Efesiërs 6: 1-4.

Hieruit lei ons die volgende af:

- Ouers en kinders moet wedersyds vir mekaar respek hê deur –
 - kinders wat gehoorsaam is;
 - ouers wat hulle kinders nie opstandig maak nie; en
 - vermaning en tug.

IETS OM TE DOEN

- Laat dieselfde groepies weer bymekaar gaan sit. Hierdie kan 'n uiters leersame geleentheid wees waaruit baie insig en begrip vir mekaar kan voortspruit.
- Laat een kind uit al om die ander groep 'n *klagte teen sy ouers* voorlees, en een ouer uit 'n ander groep 'n *klagte teen sy kind*.
- Vermoë duplisering. Werk kloksgewys, en werk deur soveel klagtes as wat die tyd toelaat.

Laat die predikant, berader of sielkundige professioneel elke klagte op die volgende manier hanteer:

- Hoe die konflik nie hanteer moet word nie.
- Hoe die konflik beredder kan word.

MEES VOOR DIE HAND LIGGENDE GEVOLGTREKKING

Die ouers én tieners sal beleef dat die probleme en konflik wat hulle in hulle huise en verhoudings ervaar, nie uniek is nie, maar dat dit dikwels en in die meeste huise voorkom. Dit op sigself maak albei partye vry!

INDIEN DAAR NOG TYD BESKIKBAAR IS

Maak nou 'n denkbeeldige maar realistiese voorbeeld van konflik wat in baie huise voorkom. Die volgende kan onderwerpe wees waarvoor die ouers en kinders kan debatteer.

- Sakgeld.
- Inkomtye.
- Oorslaap by vriende.
- Matriekvakansie.
- Algemene bedagsaamheid met huistake.
- Dik monde.

Laat nou die ouers en kinders rolle omruil. Die ouers word nou tieners wat regtig baie veeleisend is. Die katkisant neem die rol van die ouer in, en probeer om met die *tiener* te redeneer.

BY DIE HUIS

DOEN

Die gesin hou 'n huisvergadering en dink terug aan die klassituasie.

- Hulle stel hulle eie konflikhanteringsreëls op.
- Almal onderteken die reëls en verbind hulle daartoe.

Dit dien 'n dubbele doel: die een-wees met die gesin word bevestig, en vertrou word in die tieners gestel. Op hulle beurt besef die ouers dat die tieners in 'n nuwe fase inbeweeg, en dat die uitdagings ietwat anders is as 'n paar jaar gelede.

Hulle skryf dit neer by volgende week se EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU.

LEER

Die ouers en kinders probeer Efesiërs 6: 1a en Efesiërs 6: 4a permanent onthou: *Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam... en vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie...*

AFSLUITING

Lees die woorde van Gesang 526, en sluit af met gebed.

Waar daar liefde is, en deernis, daar is God die Heer.